

6 Augustus

**Skrifgedeelte: Jakobus 4
Fokusgedeelte: Jakobus 4:1-4**

Bid só dat God jou bede verhoor

Hindernisse kan verhoed dat jy jou bestemming bereik. Daar kan sulke groot ongelukke op ons paaie gebeur dat jy soms liewers 'n ander roete sal moet volg om betyds by jou bestemming uit te kom. Ook in ons gebedslewe kan daar hindernisse wees wat ons gebede belemmer. Jakobus lig in hierdie gedeelte een so 'n hindernis uit: Dit is ons selfsugtige begeertes.

Selfsugtige begeertes kan kragtige dryfvere in ons word, wat ons liefdeloos laat optree. Dit sluit begeertes in soos hebsug, geldgierigheid en onvergenoegdheid met ons aardse besittings. Byvoorbeeld: Ek is nie tevrede met die salaris wat ek ontvang nie en nie tevrede dat my buurman 'n duurder motor as ek ry nie óf dat my vriendin klere met bekende handelsname dra nie.

Hierdie verkeerde motiewe voer dan oorlog in my. My selfsugtige begeertes wil bevredig word. Wat ek van die Here ontvang, span ek juis vir hierdie doel in. Dit het tot gevolg dat ek die gawes wat ek van God vra, nie vir die doel gebruik waarvoor God dit aan my gee nie.

As ons so optree, wil God nie ons gebede verhoor nie. Deur selfsugtige begeertes is ons besig om padversperrings tussen God en ons op te rig. Selfsugtige motiewe raak ons verhouding met God en ons naaste nadelig. Jakobus noem die voorbeeld van 'n egbreekster (vers 4) wat in ontrou teenoor die Here en in onmin met haar naaste leef en selfs uiteindelik moord pleeg (vers 2). Ons hoef nie aan letterlike moord te dink nie, maar ons kan mekaar ook met ons woorde, gebare en dade doodmaak.

Daarom moet ons ontslae raak van verkeerde motiewe in ons. Ons moet eerder goeie begeertes in ons kweek. Dan sal God jou gebede verhoor. Bid vanuit die regte motiewe. Bid tot voordeel van ander. Bid terwyl jy God bo alles dien. Spandeer sy gawes op die regte wyse!

Sing: Psalm 66:8

Ds HG Schutte (Krugersdorp-Oos)